

GR.10 PAT 2: LANDSKAP SKILDERY



WEEK	DATUM	AFDELING
WEEK 1	23 Maart	<p>1. Inhoudsblad</p> <ul style="list-style-type: none"><input type="checkbox"/> Gebruik die <u>opdrag se naam as jou titel</u> en sit die afdelings en bladsynommers op jou inhoudsblad (onthou dat versierings by die tema moet pas). Moet op ten minste een volle A3 bladsy wees. Hierdie bladsy word nie genommer nie. Elke bladsy wat volg word genommer en die nommer word langs die opskrifte geskryf. <p>2. Konsep & Opdrag</p> <ul style="list-style-type: none"><input type="checkbox"/> Plak jou <u>Opdrag</u> in.<input type="checkbox"/> Maak 'n mindmap oor twee A3 bladsye: wat verstaan jy onder komposisie? Wat is 'n landskap skildery? Van watter landskap skilderye hou jy? Natuurtonele? See landskappe? Berge? Riviere? Wat is die kenmerke van 'n landskapskildery? 'n Landskap het gewoonlik diepte, wat verstaan jy onder diepte? Jou handbook praat van atmosferiese diepte, oorvleueling, liniere perspektief, gaan kyk daarna en maak notas in jou mind map. Daar is drie vlakke in 'n landskap naamlik die agtergrond, voorgrond en middelgrond. Hierdie is 'n skildertaak so skryf oor wat jy verstaan onder 'n skildery. Waarmee skilder mens? Watse verskillende verf tegnieke is daar? Hierdie mindmap help jou om te identifiseer waarvan jy hou. Volgende gaan jy soek na kunstenaars wie se werk jou inspireer volgens waarvan jy hou..

<p style="text-align: center;">WEEK 2+3</p>	<p style="text-align: center;">30 Maart</p>	<p>3. Navorsing</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Doen <u>Navorsing (3 fotos ten minste A4 groot)</u> oor <u>1 kunstenaar</u> wat landskappe geskilder het. Gaan kyk na die Impressioniste soos Monet, Renoir. Post-Impressioniste soos van Gogh, Cezanne. Romantisiste soos William Turner, Constable. Gaan kyk na J.H. Pierneef en J.E.A. Volschenk. □ Skryf 'n <u>paragraaf van biografiese inligting</u>: naam en van van die kunstenaar, geboorte en sterfte datum, land van oorsprong, invloede op sy werk en stilistiese eienskappe van die kunstenaar. Gaan kyk na wat het die kunstenaar gedoen wat hom/haar anders maak as ander landskap kunstenaars. □ Sluit <u>± 3 kleur prente van werke</u> van hierdie kunstenaar in. <u>Ontleed elke werk</u> soos volg: die werk se naam, datum, media wat gebruik is om die werk te skep, wat het die kunstenaar gedoen en hoe is die kunstenaar beïnvloed (tegniek & styl) – hulle INVLOED OP JOU MOET IN JOU FINALE WERK REFLEKTEER! Met ander woorde die tema, styl of onderwerp van die genavorsde kunstenaar moet jou eie kunswerk inspireer. Navorsing strek oor ten minste twee A3 bladsye. <p>4. Mood page</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Kry baie visuele bronne (<u>prente & foto's</u>) van dit wat by jou konsep vir hierdie tema gaan pas. Indien dit moontlik is: neem jou eie foto's hiervoor en kombineer dit met foto's vanuit tydskrifte. □ Maak 'n <u>collage</u> van hierdie prente & foto's – geen wit spasies mag tussen die prente wees nie. <u>ELKE foto moet geannoteer wees</u>: skryf een sin by elke foto oor hoekom die foto by jou konsep pas. Dit kan sommer binne die foto geskryf word. Jou moodpage moet oor 2 A3 bladsye strek.
<p style="text-align: center;">4</p>	<p style="text-align: center;"><u>14 April</u></p>	<p>5. Paste Ups & Lynskets</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Jy sal praktiese onderrig kry oor hoe om te verf as die skool begin die week. Jy moet solank die res van die werk tot en met week 3 afgehandel hê teen die tyd. □ Besluit self op jou formaat: vertikaal OF horisontaal - dit hang van jou voorwerpe af. Maak nou jou <u>4 x Paste ups</u> vanuit fotomateriaal (jy mag hier 'n foto SELF NEEM om as jou paste-up te dien). Onthou: dit wat jy plak, is die rigting van jou finale werk. JY GAAN SEKERE PRENTE MOET MANIPULEER OM JOU lanskap SINVOL TE MAAK. □ <u>A4 Lynskets</u>: Op jou A4 Lynskets gaan jy verf wat jou konsep verduidelik deur om <u>eenvoudige byskrifte</u> te gebruik. Verduidelik simboliek, kleur, tegniek, fokuspunt, diepte en beweging hier.

5	21 April	<p>6. Detail Tekeninge</p> <ul style="list-style-type: none"> □ <u>Kies 2 van jou 4 Paste ups of moodpage wat vir jou interessant lyk.</u> Een paste up op een A3 bladsy dit wil sê jy gaan twee A3 bladsye hê vir jou detail tekening. Verf hierdie gedeeltes oor met meer detail. Jy kan in verskillende groottes verf, solank daar GEEN wit spasies tussen die sketse is nie. Dit moet lyk soos een volledige skildery – <u>toonwaardes en tekstuur moet hier ingesluit word</u> – gebruik verskillende verftegnieke. Elke skets moet ook 'n <u>agtergrond</u> hê. Slegs <u>monochromatiese media</u> word hier gebruik: (toonwaardes van swart, grys & wit, blou of enige kleur).
6	27 April	<p>7. Media & Tegniek</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Hierdie gaan jy in die klas doen. Jy moet praktiese priodes by die skool wees. <u>4 A4 oefeninge oor hoe om te verf, kleur te meng en hoe om 'n komposisie te skep.</u>
7	4 Mei	<p>8. Tonale Tekening</p> <ul style="list-style-type: none"> □ <u>Verf jou hele Paste up (konsep) volledig (toonwaardes & tekstuur) met 'n agtergrond op 'n A3 papier.</u> Jou tonale tekening mag <u>slegs in EEN monochromatiese media</u> wees: dit beteken 'n skakeering van 'n enkele kleur. □ <u>MOENIE NET JOU GEPLAKTE KONSEP HERHAAL NIE - VERWERK DIT VERDER EN MAAK DIT UNIEK!</u> Jy mag byvoeg/weg neem solank jy met dieselfde konsep werk.
9	18 Mei	<p>9. Finale Werk</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Verf nou jou <u>finale werk in kleur op 'n A3 doek.</u>
9	18 Mei	<p>10. Refleksie</p> <ul style="list-style-type: none"> □ Die <u>Refleksie</u> skryf jy nadat jy klaar is met jou Finale werk. Wat moes jy doen? Wat het jy gedoen? Wat het jy geleer? Wat sal jy anders wil doen? Waarvan het jy gehou? Wzaarvan het jy nie gehou nie? Wat het jou geïnspireer? <p>HANDIG PORTEFEULJE IN <u>NIE LATER AS 18 Mei.</u></p>

